# MARCH 2023

*CLF MARCH 2023 UPDATE*

# NUWE SEISOEN VIR CLF

Dit is seker ’n *cliché* om die stelling te maak dat ons in voortdurend veranderende tye leef. Dit is egter empiries waarneembaar dat die tydsgewrig waarin ons tans leef gekenmerk word deur snel opeenvolgende gebeurtenisse met omvangryke impak op gemeenskappe. Hierdie impak voel dikwels aardskuddend met ontwrigtende gevolge vir almal wat daardeur geraak word. Die werklikheid van globale interaktiwiteit en onderlinge verbondenheid het die effek van ’n web wat beweeg wanneer enige van die drade daarvan geraak word. Dit is waarvan ons by CLF ook die afgelope aantal jare bewus geword het met Covid, die oorlog in Oekraïne, plundering in KZN in 2022, jarelange oorloë in Sirië, aardbewings in Turkye en noem maar op.

By CLF is ons diep bewus daarvan dat dit presies die wêreld is waarbinne die Here hierdie bediening vandag roep om van sy liefde en verlossing te getuig. Te midde van die kontekstuele ontwrigting en uitdagings rondom ons, is daar ’n gees van entoesiasme en roepingsbesef binne die CLF. Personeel, Beheerraadslede en ondersteuners openbaar ’n bewussyn dat God sy kerk en kinders roep om sy koninkryk te laat kom, ook deur die bediening van CLF.

CLF in al sy dele is daarvan ooruig dat die Here ons nou op ’n golf geplaas het wat ons saam met Hom moet uitry tot eer van sy Naam en tot redding van mense. Daarom is ons besonders opgewonde oor inisiatiewe en besluite ten opsigte van die CLF se bediening en identiteit vir die pad waarop die Here ons nou neem. Gepraat van identiteit, die Beheerraad het besluit om die bekende logo nou te vereenvoudig sodat almal ons organisasie en bediening sal herken aan die letters “CLF”. Ons glo dit kommunikeer lekker en help mense om maklik met ons bediening te identifiseer.

Soos in alle organisasies het daar ook die afgelope tyd verskuiwinge in personeel plaasgevind, omdat mense aftree ouderdom bereik. Dit is nooit lekker om afskeid te neem nie, maar dit is ’n werklikheid. Met die aanstelling van personeel in die vakatures was die klem op jeugdigheid met nuwe soort kundigheid, vaardighede en perspektief op die wêreld. Ons glo hierdie vernuwingskuur is deel van God se voorsiening vir die bediening in ons tyd.

CLF is goed op dreef met die ontwikkeling van ’n netwerk winkels en agentskappe om ons produk op grondvlak by gebruikers uit te kry. In die proses lewer ons ook diens aan ander uitgewers en verskaffers wie se produkte ons in die CLF winkels kan verkoop. Met die oog op hierdie ontwikkeling is die vestiging van ’n CLF handelsarm nou ’n prioriteit en word hard gewerk om dit tegnies en wetlik gevestig te kry.

CLF is opgewonde oor die wye reeks publikasies wat ontwikkel word en die groei in die getal skrywers wat aanmeld om hul werk deur CLF te publiseer en te versprei. Ons is opgewonde oor Dr Mias van Jaarsveld wat as redakteur aangestel is en saam met Dr Gideon van der Watt besig is om nuwe paaie oop te skryf en te publiseer.

# ONTMOET ONS NUWE PERSONEEL

**REDAKTEUR - DR MIAS VAN JAARSVELD**



Mias van Jaarsveld het grootgeword in ‘n pastorie – die kerk was nog altyd ‘n groot deel van sy lewe. Nadat hy gematrikuleer het aan die Hoërskool Bothaville in 2007, het hy teologie gaan studeer aan die Universiteit van die Vrystaat. In 2013 word hy gelegitimeer as proponent in die NG Kerk, en in 2014 word hy bevestig as leraar by NG Gemeente Bethlehem-Wes. Na die voltooiing van sy meestersgraad in pastoraat in 2017, trek hy na Bloemfontein waar hy as tentmakerleraar gekoppel was aan NG Gemeente Heuwelsig.

Hy begin in 2018 met sy doktorsgraad in praktiese teologie. Hy het navorsing gedoen by Justo Mwale Universiteit in Lusaka oor die Reformed Chruch in Zambia met prof Jan-Albert van den Berg, prof Ruard Ganzevoort en dr Gideon van der Watt as studieleiers. In 2021 spandeer Mias ‘n semester in Amsterdam en 2 Maart 2022 verdedig hy sy proefskrif by die Vrije Univesiteit Amsterdam, waar hy ook toe sy nuwe titel gekry het.

Dr Mias is tans ‘n navorsingsgenoot by die Universiteit van die Vrystaat en in Januarie 2023 begin hy as junior redakteur werk by CLF.



**REKENMEESTER - LEANA BENNETT**

Leana Bennett het in Wellington groot geword in 2005 aan die Hugenote Hoërskool in Wellington gematrikuleer. Sy het daarna haar BTECH Graad in 2009 in “Cost and Management Accounting” by die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (“CPUT”) verwerf en was deel van die “Dean’s Merit List” van 2006 tot 2009. In 2016 het sy die “Management Development Programme” by Stellenbosch Universiteit se Besigheidskool voltooi.

Sy het 14 jaar korporatiewe ondervinding, waarvan 12 jaar as rekenmeester was, maar het gevoel dit is deel van haar roeping om by die CLF familie aan te sluit.

Leana is ‘n familie-mens en haar hart se punt is haar 3 jarige seuntjie, en natuurlik haar man. Sy is ‘n baie positiewe en hardwerkende persoon wat reg is om ‘n verskil te maak.

# BIBLE PROJECT & SHANIA-LEE

**OUTREACH FOR COMMUNITY UPLIFTMENT**



Shania-Lee, CLF's Bible project ambassador in KZN, was invited by the "Usizo-lomndeni.org – Community upliftment" organisation, to participate in the outreach program at Sewula Primary school in Ezimangweni Township on the 14th of February.

The outreach program targeted Grade 6 and 7 girls by partnering with Robinhood Foundation for awareness of teen pregnancy and encouragement to focus on not allowing your circumstances to determine your future!

Shania-Lee was able to bless 160 girls with their own Storybook Bible and free pamphlets that addressed these relevant topics. It was indeed a spiritually blessed day for both the teens and Shania-Lee!







"The harvest is plentiful, but the workers are few" Matt 9:37
The Bible project, a Kingdom work, needs your support!
https://clf.co.za/one-million-bible-project/

# BLESSED TO BE A BLESSING

The Pentecostal Missionary Christian Church (PMCC) SA in Wolmaransstad contacted CLF for Setswana Bible books for their Sunday school children.

CLF's Bible project blessed these children with "Come walk with me" Setswana Children's bibles and Setswana pamphlets.

Archbishop Lebang Mojakgolo wrote: "The PMCC says thank you for your donations for Sunday school books and for our ministry. Thank you, and be blessed."

In the photos are Archbishop Mojakgolo (left), deputy J. Archbishop Morakabe, and Bishop F Morakabe. Also included are the Sunday school leader, Miss T Mokoene, the Church committee, members and the Sunday school children.











# #JOURNEYOFHOPE

**CLF en BYBELPROJEK DEEL VAN #JOURNEYOFHOPE**

CLF se Bybelprojek - Een miljoen bybels vir een miljoen kinders - het met Youth4Life, OTB Africa en Samaritan's Feet Suid Afrika hande gevat in die #JourneyOfHope, om kinders met nuwe pare skoene, Kinderbybels, CLF se geestlike groei en kinderpamflette en Vitakidz pap te seën.

#JourneyOfHope se mees onlangse program het die dorpe se VKO sentrums en skole van die Kaapse Weskus besoek. Die toer het met besoeke aan Lambertsbaai en Elandsbaai afgeskop, waarna onder meer Graafwater, Leipoldtville, Lutzville, Trawal, Steilhoogte, Kleinrivier, Spruitdrift, Vergenoeg, Naasdrift, Ebenhaeser, Doringbaai, Booysensdal, Koekenaap, Nuwerus en Kliprand besoek is.

Kinders, personeel, gemeenskaplede en selfs regeringsamptenare het CLF se pamflette ontvang om hulle op hul geestelike reis te ondersteun - of dit nou was om met die lees van die Bybel te help, of om hulle te inspireer en hoop te gee, of om sosiale kwessies aan te spreek - daar was materiaal vir elkeen.



Die kinders is met Ja!Kleuter storieboekbybeltjies geseën en is ons gebed dat elkeen Jesus daarin sal ontdek. In hierdie glimlag-gesiggie sien 'n mens meer dankbaarheid as wat woorde kan sê!






























**PINKSTERREEKS**

Die naam van hierdie Pinksterreeks is "Hoop in Handelinge". Handelinge is een van die mees indrukwekkende boeke in die Bybel – dit vertel die storie van die vroeë kerk. Daar is verhale van wonderdade, geloof wat mense inspireer, buitengewone wysheid, waagmoed en menselewens wat handomkeer verander het. Dít alles te danke aan die kragtige werking van die Heilige Gees – die Gees van die opgestane Christus wat self teenwoordig is en sy kerk op aarde vestig. Tog word hierdie boek afgeskeep of net selektief gelees. In hierdie reeks word daar opnuut - met "hoop" as lens - gekyk na sewe tekste uit Handelinge. Daar gaan gekyk word na elke teks se konteks en hoe dit vir ons vandag hoop gee. Hierdie Pinksterreeks is geskryf deur dr Pieter van Jaarsveld – voormalige moderator van die NG Kerk Vrystaat en emeritus leraar van Bloemfontein.

# PINKSTERREEKS




https://clf.co.za/resource-toolkit/

# VEERKRAGTIGE LEWENSRITME

**REEKS PAMFLETTE OOR VEERKRAGTIGE LEWENSRITME**

In vennootskap met Whitehead Bedryfsielkundiges het Christelike Lektuurfonds ‘n reeks pamflette of kort informele leer-inhoude saamgestel rondom die tema Veerkragtige Lewensritme. Dit is gratis aflaaibaar by https://clf.co.za/resilient-life-rhythm/

Die Afrikaanse pamflette is nou ook in harde kopie beskikbaar en kan aanlyn bestel word (https://shop.clf.co.za/product-category/pamphlets/) of stuur ’n e-pos na order@clf.co.za

Ons leef in ontwrigtende, selfs traumatiese tye. Ons lewensritme is versteur. Ons sien dit in die toename van simptome van geestesongesteldheid by soveel mense. Angstigheid, depressie, woede, lae selfbeeldprobleme, vereensaming, ens. Hoe oriënteer ons onsself weer na ‘n tyd van disoriëntasie? Hoe kan ons weer veerkragtig terug-bons na terugslae? Hoe kan ons weer ons normale lewensritme terugvind? Die leer-inhoude kan met vrug deur individue gelees word, maar dien ook as stimulerende gespreksdokumente vir groepe. Daar word ook werkswinkels aangebied – doen gerus navrae by CLF 021 8736964 of stuur ’n e-pos na info@clf.co.za.

Die reeks behandel die volgende temas:

1 Gesond-wees in traumatiese tye: Oop hart, oop denke en nuwe wilskrag
2 Leer om woede te beheer
3 Selfwaarde en selfbeeld
4 Gesonde lewensritme
5 Eensaamheid is nie vir altyd nie
6 Denke kan jou bou of breek
7 Lusteloosheid en kwyning – depressie se kleinboet
8 Angs en angstigheid
9 Verwerking van verlies
10 Veerkragtige spirituele leierskap



# CLF STAL UIT IN


**UITSTALLING TE NGK BLOEMFONTEIN-WES**

Janette Hurter, CLF se Bloemfontein boekwinkelbestuurder het op Saterdag, 4 Maart by die NG Kerk Bloemfontein-Wes uitgestal.

Janette vertel hoe twee jong boeties, beide weeskinders, haar hart diep geraak het daardie dag en haar opnuut dankbaar gemaak het vir al die seëninge en liefde wat ons elke dag ervaar, en daar mense en veral kinders is, wat nie so bevoorreg is nie. Mag ons opnuut bewus raak van ander se behoeftes en mag ons Jesus en sy liefde, vir hulle wees! Filippense 2:4-8






## Veels gelyk met jul verjaarsdae






Heel links: Hilton Maurice, CLF se stoorbestuurder, het sy verjaarsdag op 13 Maart gevier.

Links: Janette Hurter, CLF se Bloemfontein boekwinkelbestuurder verjaar op 26 Maart.




# SPECIAL PROMOTIONS




Academic & Theology books - offer valid until 31 March 2023




Word and Worship package - offer valid while stocks last







Hosannas package - offer valid until 28 April 2023